NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  **Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  **Magaliesberg** : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

**9 Februarie 2024:** Nr 04/2024

## Warmnuus



### Kerkkantoor-opleiding

**Aandag Kerkkantoor personeel**

Neem hiermee kennis van die volgende geleentheid wat op *18-19 Maart*, by NG Nylstroom-Oos plaasvind.

Tydens hierdie geleentheid gaan die Kerkargief [Stellenbosch] opleiding gee oor die korrekte inhandiging en bewaring van argiefstukke. Jan Venter van Winkerk kom gesels oor "kort paaie" en die effektiewe gebruik van hierdie stelsel. Daar word ook aandag gegee aan die skryf van 'n notule en 'n grafiese ontwerper kom deel interessante inligting oor die gebruik van sosiale media en webbladsye.

Verblyf is beskikbaar. Gemeentes is verantwoordelik vir die verblyf-, etes- en reiskoste.

- Belangstellendes kan die Sinodehuis, so gou as moontlik kontak om in te skryf [hermien@noordsin.co.za / 072 222 6360]. Verdere inligting volg binnekort.

### Ekologie



**Ekoteologiese raamwerk vir ekologiebedienings**

Die **tweede** aflewering deur *Willie van Heerden*, emeritus-professor, kyk na drie verskillende reaksies op die beskuldiging dat die Christelike geloof 'n baie mens-gesentreerde geloof is wat veronderstel dat die res van die skepping bloot as dekor of agtergrond dien waarteen die verhaal van die mense in hulle verhouding tot God afspeel. [Kliek hier om verder te lees...]

### Teologiese Opleidingstrust

**Help bou aan die Kerk van die toekoms**

**Flip du Toit** skryf: "Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is die ideale geleentheid vir lidmate om hier aan die einde van die hierdie belastingjaar [vóór 29 Februarie] sinvol by te dra, belasting verligting te kry (Art 18 A sertifikaat) en terselfdertyd die kerk se teologiese studente te help. Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is beide 'n geregistreerde Weldaadsorganisasie sowel as 'n nie-winsgewende een."

**Rekening besonderhede**: ABSA, rekeningnommer 4062087927 (Takkode 632005)

**Navrae:** Flip du Toit 0621190255 / 0827817076 of admin@teotrust.org; Kobus Sandenbergh 0824511671.

### In Pas

**Opleidingsgeleentheid vir gemeentes**

Die Taakspan *In Pas* bied op Saterdag *9 Maart* 'n opleidingsgeleentheid aan vir gemeentes wat graag die handleiding, *In Pas met die Lewende God*, wil implementeer. Kliek hier om die handleiding te lees. Die geleentheid vind by die gemeente Florauna in Pretoria plaas, van 09:00-15:00.

Navrae/inskrywings: Jan Botha, 076 481 5683 en janbotha1102@gmail.com.

# Sinodenuus

## ❖ Dewyk groet...



Dewyk Ungerer is so sinoniem met die Noordelike Sinode, dat dit vreemd is om te dink dat hy tans aan die groet is. Hy het op 1 Januarie 2024 voltyds by die Algemene Sinode begin werk en daarom het die Gemeente Raslouw reeds op 3 Desember van hom en Ansa afskeid geneem.

Die moderatuur het by haar vergadering die afgelope Maandag (29/1) formeel kennis geneem dat die Algemene Sinode se reëlings vereis dat 'n voltydse werknemer nie ook deel van 'n streeksinode se leierskap kan wees nie. Dit beteken dat Dewyk op 6 Maart by die geskeduleerde SDR-vergadering die tuig as moderator van die Noordelike Sinode moet neerlê. Die SDR gaan dus op daardie dag van hom afskeid neem en 'n nuwe moderator kies.

Ander vakatures in die geledere van die moderatuur sal ook soos nodig op 6 Maart gevul word. Daarna gaan die nuwe moderatuur van 11-13 Maart spanbou en beplanning doen met die oog op die res van die termyn tot en met die volgende sinodesitting in Oktober 2026.

## ❖ Finansiële state 2022/23

Hiermee 'n **dringende versoek** aan gemeentes wat nog nie hulle finansiële state 2022/23 ingedien het nie, om dit so spoedig moontlik aan Sandra Grobler by die Sinodehuis te stuur [sandra@noordsin.co.za].
Baie dankie aan gemeentes wie se state reeds ontvang is.

## ❖ Sinodehuis



**Gewysigde kantoorure:** *Maandae tot Donderdae*: 08:00 tot 16:30; *Vrydae*: 08:00 tot 14:00.

**Personeel:** Die Sinodehuis het vir 'n geruime tyd reeds nie meer 'n landlyn nie. Kontak die personeel tydens kantoorure op hulle selfone.
**Hermien Swart** [Kommunikasie Beampte] 072 222 6360 / hermien@noordsin.co.za;
**Sandra Grobler** [Finansiële Beampte] 079 527 2684 / sandra@noordsin.co.za;
**Rehan Rheeder** [Saakgelastigde] 083 288 7756 / rehan@noordsin.co.za;
**Paul Grobler** [Direkteur] 082 653 5734 / paul@noordsin.co.za.

## ❖ Transoranje




Die NG Kerk was saam met die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk 'n stigterslid van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) in 1947. Dit sluit onder andere die volgende in: Prinshof Skool vir gesiggestremdes, Sonitus Skool vir gehoorgestremdes, Tranvalia Skool vir epilepsie. Vanweë beperkte fondse kan die Noordelike Sinode nie meer hiervoor bydra nie. Gemeentes word egter aangemoedig om ondersteuning van hierdie saak ernstig te oorweeg.
Navrae: 076 143 6961; info@toibo.org.za; www.toibo.org.za.

# Kolleganuus



## ❖ Beweging

**Stefan Botha** [Andrew Murray] het 'n beroep na 'n Presbeteriaanse gemeente in Ontario, Kanada aanvaar. Sy afskeidsdiens vind op Sondag *11 Februarie* om 09:00 plaas.

## ❖ Verjaarsdagwense

11/02 Johan Bosman [Emeritus]
12/02 Gert Vorster [Emeritus]
13/02 Johan van As [Wonderboom-Suid]; Piet Fourie [Sanddrift]
14/02 Tokkie Scheepers [Emeritus]; Jannie Hamman [Emeritus]
16/02 Gert Els [Emeritus]; Niekie Lamprecht [Emeritus]
17/02 Attie Nel [Emeritus]
--------------------------------------------------------------------------------
11/02 Hanlie Botha [Eggenote van Jan, Emeritus]; Lizette Cornelissen [Weduwee van wyle Marius]
12/02 Tanya Harmzen [Eggenote van André, SA Gemeente]

14/02 Lieze Meiring [Eggenote van Arno, Universiteitsoord]; Christa Lambrechts [Eggenote van Hendrik, Emeritus]; Gerda Barnard [Eggenote van Hendrik, Emeritus]
17/02 Juckie de Vos [Eggenote van Wouter, Wonderboompoort]
18/02 Nicolene Venter [Eggenote van Peet, Piet Potgietersrust]

# Toerusting

## ❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

**Program vir 2024**: Kliek hier om meer uit te vind van kursusse wat deur die jaar aangebied word.

### Nuut in die Bediening

**Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling**
**Gerig op leraars in die middelfase van hulle bediening -** Dit is 'n kursus wat bedoel is om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening. Die kursus word in die formaat van *nege blokke* (van 3 dae elk) oor *die loop van drie jaar* aangebied. [Kliek hier vir meer inligting]. Inskrywings: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of kliek hier om aanlyn in te skryf.
*5-7 Maart –Ons konteks: Waar is ons nou? 16-18 Julie – Hoe lees ons die Bybel? 15-17 Oktober – Wie is God?*

**Gerig op leraars in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening -** Dit is 'n kursus wat bedoel is om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening. Dit vorm ook deel van die verpligte drie jaar voortgesette bedieningsontwikkeling vir predikante en proponente wat pas gelegitimeer is. [Kliek hier vir meer inligting]. Inskrywings: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of kliek hier om aanlyn in te skryf.
*4-6 Junie - Hoe hanteer ons moeilike pastorale situasies? 8-10 Oktober - Hoe hanteer ons jeugwerk?*

## ❖ Ander Toerustingsgeleenthede

### Jeugfasilitering



*10 Februarie* (09:00-14:00) by NG Groenkloof
'n Werkswinkel vir: onderwysers, predikante, jeuggroepleiers, iemand wat graag met kinders werk. Skryf in: 082 335 1156 / info@bronzebaobab.com. Besoek: www.bronzebaobab.com

### Deel jou geloof

*10 Maart [10:30 – 16:00]* by NG Wonderboom-Suid – R150 p/p
**Evangelisasie Toerustingskursus** (geskoei op EE3 se Vriendskaps-evangelisasie) - Spreker: Driaan Britz. Temas: * 'n Metode om die Evangelie te deel wat jy nie maklik sal vergeet nie; * 'n Stuk gereedskap wat altyd beskikbaar is en wat jy die res van jou lewe sal gebruik; * Vernuwe jou passie vir dissipelmaking met 'n kyk na die hart van God; * 'n Maniere om vriendskappe te kweek om die Evangelie met toestemming te kan deel.
Inskrywings: Whatsapp jou naam en van en aantal persone na Johan van As [083 707 2952].

# Ander nuus



## ❖ Wêreldbiddag vir Vroue

### 1 Maart 2024

**Die tema vir 2024**: "*Ek dring aan ... Verdra mekaar in Liefde*", is gekies deur die vroue van Palestina.
*Kliek hier vir die *program*; *Kliek hier vir die *riglyne*; *Kliek hier vir die *geskiedenis.*

## ❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

### Hanteer Bybel-Media bestellings

Neem asseblief kennis dat alle bestellings vir en verspreiding van gedrukte *Bybel-Media produkte* nou deur CLF Uitgewers, hanteer word. Laetitia Petersen is die kontakpersoon vir alle bestellings (order@clf.co.za).
Bybel-Media produkte word ook in CLF Boekwinkels verkoop (Durbanville, Bloemfontein, Kimberley en Newton Park, Gqeberha - https://shop.clf.co.za/contact-us/) Kontak Bybel-Media direk by 021 864 8200 vir enige algemene, aanlyn of lisensie navrae en inligting.

## ❖ Bybel-Media

### KinderKersKous-projek

Bybel-Media laat weet dat hulle nog hulp nodig het vir dié projek en dat dit nog nie te laat is om saam met hulle 'n verskil in duisende kinders se lewe te maak nie. Met die projek word sakke gevul met Kinderbybelstories, Bybelse aktiwiteitsboeke en ander opvoedkundige boeke. Deur 'n donasie te maak kan hulle gehelp word om selfs meer kinders se geloof te versterk met die boodskap van Jesus.

**MAAK JOU DONASIE**

* Indien jy hulle graag wil ondersteun, vra jou gemeente om 'n deurkollekte vir ons KinderKersKous-projek te hou.

## ❖ Vakatures

**Kerkbode:** Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

**Waverley: Deeltydse permanente pos**
Die gemeente is geleë in die hart van die Moot, in Pretoria. Lidmate strek oor verskillende generasies en die gemeente werk hard daaraan om 'n geestelike tuiste vir oud en jonk te skep. Sluitingsdatum vir aansoeke is *16 Februarie*. [Kliek hier om verder te lees.]

**Hartbeespoort: Voltydse leraarspos**
'n Plattelandse gemeente (1 778 belydende en 485 dooplidmate), maar met die stad se hartklop: vernuwend, opbouend, dinamies en aktief. Geleë aan die voet van die pragtige Magaliesberge, teen die Hartbeespoortdam. [Kliek hier om verder te lees.] Diensaanvaarding: *1 Oktober*. Sluitingsdatum vir aansoeke: *15 Maart*

**Andrew Murray**: Voltydse permanente of deeltydse permanente vir 'n onbepaalde termyn
Die gemeente is 'n Engelsprekende gemeente van die NG Kerk, geleë in Brooklyn, met 126 belydende lidmate en 36 dooplidmate van regoor die hele Pretoria en Centurion. [Kliek hier om verder te lees]. Diensaanvaarding: 1 Mei. Sluitingsdatum: 1 Maart. Navrae: Anthony Tosen, 083 475 1919 / office@drcamp.co.za

**SKDBM**

**Bestuurder – administrasie:**
Die 6/8e pos behels die dag-tot-dag bedryf van die SKDBM kantoor, bystand aan die Uitvoerende Hoof, skakeling met SKDBM-Diensorganisasies en ander entiteite asook alle statuêre aangeleenthede**.**
Kliek hier om te lees. Diensaanvaarding:*1 April*
Navrae en CV's moet gerig word aan: skdbm@mweb.co.za. Sluitingsdatum: *15 Februarie*.

**Bestuurder – Finansiële en administratiewe dienste:**
Die pos behels o.a. die bestuur van die SKDBM en Huis Piek se Finansiële Dienste, die bestuur van ondersteuningsdienste aan SKDBM-Diensorganisasies. Kliek hier om te lees. Diensaanvaarding: *1 April.*
Navrae en CV's: skdbm@mweb.co.za. Sluitingsdatum: *15 Februarie* plaasvind

# Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za].
Die volgende persone het reeds gereageer:

* ***André Smuts***: sasmuts@tsa.co.za [Pretoria omgewing]
* ***Ernst Muller***: gaius117@gmail.com / 082 656 1107
* ***Michiel van der Merwe***: mvdm360@gmail.com / 082 462 3529

# Naskrif

**"Ons buig nie die knie voor moedeloosheid nie..."**
**(n.a.v. Psalm 130)**

-- Stephan Joubert --